

# Boodskappers

### Die boodskappers

Soos ons leer uit die Skrifte word daar gereeld van boodskappers (engele) gepraat. Daar is die gevalle boodskappers wat hulle ere posisies verloor het weens hulle verkeerde dade wat hulle gepleeg het. So is daar die ander boodskappers wat VADER behaag weens hulle gehoorsaamheid en lojaliteit. Ek gaan afskop met die name wat ek uit Henog en ander boeke bymekaar gemaak het. Eers begin ek met die boodskappers wat tot 'n val gekom het en dan verder.

Hier is name van leiers oor 200 wat 'n eed afgelê het op die berg Hermon: Semyaza, Urakiba, Ramiel, Kokabiel, Tamiel, Rumiël, Daniel, Ezeqiel, Baraqiel, Asael, Armaros, Ananel, Zaqiel, Samsiel, Satael, Turiel, Yomiël, Araziel.

Hier is die name wat die mens verkeerd geleer het: Semyaza, Urakiba, Ramiel, Kokabiel, Tumiël, Rumiël, Daniel, Ezeqiel, Baraqiel, Asael, Armaros, Ananel, Samsiel, Turiel, **Azazel**. Artaqifa, Armen, Nuqael, Batriel, Basasael, Yetarel,

Hier is van die onrein boodskappers se posisies en leringe: Samsiel, (Die linkerhand van Skepper) Verly die mens, siel steler Semyaza, (*Ek het gesien*) Hoof van die 200 wat 'n eed afgelê het Yequn, die leier van die onreine boodskappers Asbeel, die leier wat die boodskappers laat struikel het Gabreel, leer die mens van oorlog voering en oorlog toerusting Penemue, leer die mens ontoelaatbare geheimenisse **Azazel**, onrein boodskapper; Lev.16:8 Lucifer / Satan Amezarak, leer die mens betowering en wortels sny Armaros, uitreiking van towerspreuke Baraqiel, sterrekunde Kokabiel, voortekens Tamiel, leer die mens astrologie Asradel, leer die mens die pad van die maan Kasdeyae, leer die mens slegte dade van: geeste, duiwels en baarmoeder. Slegte dade teen die siel: bangmaak vir die byt van die slang (Ha satan) Dan kry ons Ha Satan / Lucifer – 1Kron.21:1 of Abáddon / Apóllion – Open.9:11; Selaphiel; Jehudiel; Barachiel; Jeremiel en honderde ander name onder die gevalle boodskappers.

Hier volg 'n klompie werke of werk arias wat aan Salomo bekend gemaak was deur die demone of anders genoem “seuns van die gevalle seuns”. Ek gee nie hulle name nie, want dit is verwarrend, maar slegs hulle werke.

Al die areas hieronder is individuele demone wat 100 % gedoen word regoor die aarde, en is gemik om die mens seer te maak.

(1) Om die mens nutteloos te laat voel, tog dat hy 'n god is wat alles rondom die mens nutteloos laat voorgee. (2) Ergerlike kopsere "migraines". (3) Die oë word op alle wyse aangeval. (4) ? (5) Die ore soos die ander dele van die liggaam kan van ergeliker pyn tot kanker kry. (6) limf klier soos baie ander kliere. (7) Die skouers van 'n man is interessant belangrik vir die demoon om mee te werk (8) Die hart, soos ons weet is dit baie belangrik. (9) Die buik. Dit is afsonderlike wat 'n sensitiewe punt van seer en marteling kan wees. (10) Die are is die areas wat op baie vlakke 'n rol speel. (11) Begeertes. Dit word gebruik in misbruike van al die sintuie van die liggaam. Dit werk meer aan die geestelike wat baie "sterk". (12) voorgee gees.

(13) Geestesgesondheid. (14) fisiese Gesondheid. (15) Maag. (16) Koors. (17) Maag en braak. (18) Skei die man en vrou. (19) Die knieë. (20) Koors (21) Hoes (22) ? (23) Are, bloedvate en blaas (24) Borskas spiere (25) Derms (26) Tande mond (27) Neus (28) asma (29) blaas (30) Talm/twyfel (31) Spierstelsel (33) Kwaad word (35) die menslike liggaam.

Elk van die boonste aanvalle op die menslike liggaam het sy afgesonderde demoon. Elk van hulle het ook aan Salomo bekend gemaak wat hulle neutraliseer, onder ander die aanroep van boodskapper name soos: Michiel; Gabriël, Uriel, Sabriel, Zoraiel, Iiel en Adoniël. So was daar sekere spreek woorde of goed wat gedoen moes word om die demoon weg te jaag.

Al die aanvalle hierbo klink sinneloos, maar as jy of iemand naby aan jou die aanvalle oorkom, glo my dan sal jy 'n tweede gedagte hê.

In kort wil ek die klompie demone van bo in aanskouing bring. Eerstens dat hulle nie boodskappers of hulle kinders is nie, want 'n boodskapper kan nie voortplant nie; Dus is 'n demoon 'n kind van 'n gevalle "seun" van VADER. Hulle is geklas as demone weens hulle geweld en wese wat hulle geword het. Hulle was ontsettend slim, sterk en groot in gestalte. Nie so seer dat hulle reuse was nie, maar wel heelwat groter as die normale Adamiet. Voor die watervloed van Noag het hulle in 'n normale liggame gefunksioneer tot en met die vloed. Na die vloed wil ek noem dat hulle weer stelselmatig weer opgeroep was, maar in die verskil dat hulle nou veldduiwels is (lev.17:7; 2Kron.11:15; Jes.13:21; Jes.34:14). Hulle het nie weer 'n liggaam ontvang soos hulle gehad het voor die vloed nie. Indien hulle in 'n gedaante verskyn is hulle misvorm en algemeen lelik (*wanneer hulle opgeroep word*). 'n demoon kan ook vergelyk word met die mens se siel in grote en gewig. As jy na die mens kyk is sy liggaam 'n totale massa van so 80% water en 20% stof. Ons kan ook die stoflike sien as minerale wat op die ou end soos water verdamp of disintegreer. Nou in daardie mense liggaam is 'n siel wat nie sommer geweeg kan word nie, maar tog bestaan in ongekende gewig. Met al die woorde wil ek noem dat 'n liggaam deur ontsettende klomp demone beset en verpes kan word.

Ek gaan nou oor na die rein boodskappers.

Wat onthou moet word is dat dié leërskare van VADER in besit is van  
 “Gesag”, “Deugsaamheid”, “Krag” en “Vors”

Hier is ‘n klompie van hulle name en werkverrigting:

Boodskappers wat gedurende ‘n jaar op die aarde spesifieke beheer uitoefen  
*(wind, reën, wolke, dou, son, maan, sterre, groei, ens.)* .

Die leier groep:

(1a)Melkiel, (1b)Helemmelek, (1c)Meleyal, (1d)Narel.  
 (2a)Adnarel, (2b)Iyasusael, (2c) Iylumiel;

Die ondersteunde groep van bo:

(1aa)Berkeel, (1ab)Zelesael, (1ac)Heloyaseph.  
 (1ba)Gedaeyal,(1db) Keel,(1bc) Heel. (1bd)Asfael.

Onthou dat die boonste boodskappers slegs die leiers is en daarbenewens is  
 daar ontsettend baie onder hulle heerskappy.

‘n Paar name van beherende boodskapper by die tuin van geregtigheid:

Zotiel; Remiel; Biqa;

Glo my daar sal nog heelwat boodskapper wees, maar hulle hoofde is die  
 genoemdes hier bo.

Hier volg ‘n klompie hoogaangeskrewe rein boodskappers:

1) Mígael, Wie soos Skepper is; Hy beskerm van die mensdom in reg en  
 geregtigheid Dan.10:13 Hy is ook die leier van Skepper se weermag.

2) Raphael, Die een wat genees; Hy skenk genesing van wonde en siektes.

3) Gabriel, Skepper is my sterkte: Kommunikasie Dan.8:16

4) Raguel, Vriend van Skepper; Hy doen gereg, eweredigheid, harmonie en  
 wraak op die wêreld en op die ligte

5) Remiel, Donderweer van ons Skepper; Hy is ‘n oppasser van die gevalle  
 boodskappers.

6) Sariel; Die Wethouer van ons Skepper; Hy pas ook die gevalle  
 boodskappers op so ook van ewigheid en bewing.

7) Uriel, Oppasser van die poorte van Eden so ook genoem dat hy oor die  
 Gees van die mens is; Hy in ‘n oppasser van donder en skrik. Hy gaan die  
 trompet blaas met die begin van Armagéddon.

8) Ariel, Die leeu van Skepper, Hy beheer die natuur, hou toesig oor die  
 onderwêreld en straf die wat op die verkeerde pad wandel na die verderf.

- 9) Azrael; Boodskapper van die dood; Hy is gehoorsaam om siele te neem (*dood te maak*) met geen voorwaardes nie, selfs die reines van ons Skepper.
- 10) Saraqael, heers oor die mens se gees wat oortree
- 11) Phanuel, Leer die mens om te bekeer vir die ewige lewe
- 12) Kesbeel, wat die eed moes aflê oor die skepping van hemel en aarde

Hier volg heerskappye en van hulle werke:

Eerste is dié **Uitverkorene EEN** dan volg **Gérubs** “slaap nie” Ex.25:19, **Serafs** “slaap nie” Jes.6:2,3, **Ophannim** “slaap nie”, **Boodskappers** van krag Matt.1:20 ; Luk.4:10, **boodskappers** van die land Luk.1:26, **Lewende wese** – Open.4:6; **Ouderling** – Open.4:4 **Owerhede**, **Gashere** op droë grond en **Gashere** oor die water

**Gerub:**

Gerub ook bekend as “Gerubyn” wat ‘n vlamme werper of vlamme brander beteken. ‘n Gerub is vurig en ‘n stryd boodskapper wat met ‘n vlamme swaard geassosieer word. Hulle bewaak, beskerm, veg en stry teen die bese magte, so beveilig hulle ook die paradys.

**Seraf:**

Serafs ook bekend as Serafyne. Hulle word meestal gevind rondom die troon van VADER. Daar is verklarings dat daar net sewe Serafyne bestaan.

**Heersers:**

Daar is ander wesens of magte wat opgedeel word in: Magte, Trone, Heerskappye en Owerhede.

**Seuns van VADER:**

In die Skrifte word die boodskappers (engele) soms aangewys as seuns van VADER wat verkeerdelik deurgegee word (Job.1:6). As die boodskapper met ‘n hoofletter “B” geskryf word dan moet ons weet dat ons met ‘n ander identiteit mee besig is. Die “seuns van VADER” is nie “boodskappers” van VADER nie, maar kan wel gesien word as boodskappers as hulle VADER sou gehoorsaam en SY bevele aanhoor en deurgee soos dit HOM behaag. Daar is natuurlik sommige wat uit die magte van bo ‘n hele klomp klassifikasies van boodskappers kan uitmaak wat onder ‘n sogenaamde “pseudo Dionisuis” wat ‘vals’ of in die plek van kan wees. M.a.w. hulle gee voor dat hulle uitmaak van VADER se heerskappy, maar nie is nie. Dit is geweldig interessant dat hulle toegelaat word, en daarbenewens moet ons baie versigtig wees.

Dit sal sinvol wees om eerder op die eenheid van die boodskappers te let as hulle onderskeid uit te wys. Wat ook belangrik is om uit te wys is dat die boodskappers nie in kragte verdeel mag word nie, want daar bestaan nie 'n "laer" en "hoër" krag in die vlak wat hy ingeplaas was om te beheer nie. Dus is elk posisie superieur in wat hy beklee en nie minder of meer waarde as die volgende nie (*meer intelligent, begaafd, verstand of wys, ens.*). Alle boodskappers is kragtig, wys, ywerig, vurig en dienende geeste is. Hulle word in verskillende name en kategorieë aangedui in die diens wat hulle lewer.

Kom ons kyk wat Philip du Toit oor die lofwaardige wesens te sê het:

Modernisme het die samelewing gewoon gemaak aan 'n naturalistiese wêreldbeskouing. Alle moontlike verskynsels word op grond van die fisika, die psigologie, of die natuurlike wetenskappe verklaar. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die ontwikkeling van die evolusie teorie wat staan teenoor skepping *ex nihilo* (uit niks). Die tendens bestaan om alles wat nie empiries of met die natuurlike sintuie waargeneem kan word nie, op een of ander manier weg te probeer verklaar. Die postmoderne mens is nog steeds 'n produk van die moderne-projek en het nog nie daarvan ontsnap nie. Die tipiese postmoderne mens vind dit daarom moeilik om aan engele (boodskappers) en demone te glo. Baie mense het natuurlike verklarings vir wonderwerke of metafisiese verskynsels, of hulle beskou Bybelse verhale wat getuig van wonderwerke as mitiese verhale, asof die wonderwerke "te goed is om waar te wees." Dit is daarom ook nie vreemd dat baie postmoderne mense ook hulle geloof in ~~God~~ VADER as metafisiese werklikheid verloor nie. In 'n sekere sin is dit arrogant om die totale werklikheid aan die hand van die natuurlike wetenskappe te verklaar, want die natuurlike wetenskappe gee daardeur voor om 'n greep op die totale werklikheid te hê.

Die postmoderne mens is arrogant in die sin dat hy dink sy verstaan paradigma is verhewe bo enige ander denk sisteem. Hoewel postmoderne denke wel die skyn het van voorlopig en beskeidenheid is die manier waarop Pré moderne denk raamwerke (*soos bv. die manier waarop die mense van die Bybelse tyd gedink het*) afgewys word, dikwels kategoriees van aard. Ander denk sisteme word daarom maklik as histories bepaald gesien (*bv. die sg. "Griekse dualisme," wat eintlik dui op 'n Bybelse tweeledige realiteit, waar die fisiese en metafisiese dimensies beide as reële werklikhede verstaan word*).

Postmoderne denke:

Daar bestaan die mening dat die manier waarop gepraat word van ~~engele~~, boodskappers, demone en magte in die Bybel, die uitsluitlike produk was van die wêreldbeskouing en verstaan raamwerk van die tyd. Baie postmoderne teoloë sê byvoorbeeld dat die Griekse filosofie en die Griekse verstaan van 'n veel-godedom die oorsaak is vir die klem op ~~engele~~ boodskappers en magte in die Nuwe Testament. Hulle stel voor dat die uitspraak verdiskonteer moet word en gestroop moet word van hierdie wêreldbeeld. Op hierdie manier word die metafisiese en transendente aspek daarvan relativer, asof die Bybel skrywers as't ware slawe was van hulle wêreldbeskouing. Eerstens stel dit die Griekse wêreldbeskouing op 'n effens simplistiese wyse gelyk aan die Bybelse getuienis. Tweedens ontken dit die tydlose dimensie en die transendente aspek van ~~God~~ Skepper en sy Gees wat gister, vandag en môre dieselfde is, tot in ewigheid (Heb. 13:8). Die vraag is of die postmoderne mens sondermeer kan wegdoen met alle vroeëre denk sisteme. Wel, ek dink dit is gewoon onverantwoordelik, omdat dit berus op die aanname dat die moderne tendens om die metafisiese weg te verklaar 'n geldige vertrekpunt is. Die ander probleem is die van inkonsekwensie. Waarom sou 'n postmoderne mens in ~~God~~ Skepper wil glo wat 'n metafisiese werklikheid is, maar nie aan ~~engele~~ boodskappers en demone nie? Anders gestel, word die Bybel as waar en betroubaar beskou ten opsigte van sy uitspraak oor ~~God~~ Skepper, maar nie sy uitspraak oor ~~engele~~ boodskappers en demone nie? Wanneer is Bybelse uitspraak die sg. "produk van die heersende wêreldbeskouing" en wanneer is dit tydlose of ewangeliese waarheid? Die probleem van inkonsekwensie is 'n geweldige probleem in die postmoderne verstaan paradigma, want indien die postmoderne mens enige uitspraak in die Bybel as waar en betroubaar wil beskou moet hy of alles in die Bybel as waar en betroubaar beskou of niks. Alle standpunte tussenin is onderhewig aan subjektiewe interpretasie, kontekstuele teologie en inlegkunde. Die sogenaamde "balans" wat tussenin gesoek word is myns insiens niks anders nie as 'n godsdiens met die gedaante van godsaligheid waarvan die krag verloën word (Kol 2:23; 2 Tm 3:5). Die einde van aanhaling.

-----

Myns insiens is daar baie vlakke van temptasie van die demoniese magte wat tans bestaan in die geestelike realm en waarvan Ha satan aan die hoof is. Soos bo gelees was dat daar 200 of meer bekende name van gevalle boodskappers is, so is daar ook netsoveel name van rein boodskappers. Daar word baie keer gepraat van 72 bese magte wat redelik uitstaan bo die ander, en waarvan ek so plus minus 30 of wat aanhaal het wat die mens se liggaam aanval. In die algemeen glo ons as mens dat daar net wanorde onder die demone is, wat nie die volle waarheid is nie. Ja daar is wanorde volgens ons oordeel, maar in diepte sal jy agterkom dat hulle 'n eenheid is.

Ons kan die demone in eenhede plaas. Regoor die aarde is daar ‘n eenheid wat die oë aanval; Regoor die aarde is daar die wat die oor aanval, en so kan ons die liggaam deurwerk wat hulle doen en late is. Andere is weer eenhede wat rondom die mens (*en wesens*) terroriseer. Ander eenhede werk aan die fauna en flora ens. Elk van hulle is dus magte wat gesien moet word dat hulle werke regoor die aarde dieselfde is. Hulle moet gesien word dat hulle werke afsonderlik “tog een in taak” verrig moet word.

Ek glo baie het al gehoor dat die of daardie familie geteister word weens ‘n hartkwaal of diabetes ens. M.a.w. daardie familie sit al van dekades met ‘n sodanige familie siekte. Wat sê dit vir jou? Daar gelaat.

As ons na al die informasie luister wek dit baie vrae soos: wat staan dit ons as mens te doen ? Moet ons met hulle kommunikeer of aanroep wanneer ons hulp nodig het?

In die ou verbond het die Levitiese priester gewoonlik ingetree vir die volk, m.a.w. hulle het daardie konnotasie gehad met boodskappers. Later van tyd het daar meer profete en ander leiers in getree toe die volk ‘n ander koning gekies het bo YAHUAH self. Toe YAHUHA weg was as “Koning” en opper Heerser het die volk meer te doen gekry met gevalle boodskappers en demon. Soos kan sien hoe dinge geëskaleer het na die skeibrief en wegvoering tussen die heiden volke het ‘die Yashar’EL manne’ begin gryp na hulle perkamentrolle en ander leesstowwe, ja ook hulle predikers om hulp gaan vra.

Ek glo wel dat VADER hulle gehelp het in hulle onkunde en pogings deur boodskappers aan hulle te stuur, want telkemaal lees ons in die Skrifte van boodskappers wat die volk red van uitwissing. Regdeur die Skrifte sal jy lees van boodskappers (*engele*) wat in gesprek is met ‘n persoon of selfs met die volk.

Nou hier is my beskeie antwoord op die vraag wat ons te doen staan. Omrede ons in die tyd is van verwarring met ongekende boosheid moet ons so gou as moontlik ‘n paar dinge besef en onder die beskerming kom. Soos bo genoem dat elke boodskapper afgesonder is vir sy taak wat op hom gelê was moet ons weet dat dit nog steeds so is. Elke demoon of boodskapper doen sy opdrag van die begin van die mens tot en met vandag. Tot op YAHUSHA het die mens geweldig verval in die alledaagse leringe en godsdienste. Die kerke met hul predikers het kamma nou ingetree om die demone die skrik aan te jaag. Min wetend is hulle die voorlopers om die Yashar’EL volk te verdeel in “godsdienstgroepe”.

In kort kyk ek gou na die kerk. ‘n Kerk is ‘n samekoms punt van gelowiges (*So +- 38 000 verskillende kerk gelowe op aarde en 2000 geregistreerdes in Suid Afrika*)



As jy na 'n kerkgebou gaan sal jy met die aankoms opmerk dat 90% of meer 'n kerkoring het. Binne-in daardie toring is 'n klok en bo op hom 'n hoenderhaan. Die klok was nie so seer om die mense te roep nie, maar om die kinders se gehuil en kerm stil te maak die dag as die ouers hul kind op offer aan molog. Die haan is nie so seer aan Petrus gekoppel nie, maar son simbool en vrugbaarheid. Die toring self is 'n obelisk of 'n manlike fallus. Dus is 'n kerk 'n samekoms punt rondom 'n manlike fallus. Wat jy binne die kerk kry is verstommend. Beelde van 'n vrou en kind of selfs 'n Petrus of wat. Daar is biddende hande, kruise, visse en vele mees simbole van die duistere. Wat natuurlik die mees verstommende is, is die altaar binne in die kerk. Die altaar wat gebruik was om diere op te offer is nou binne die kerk waar 'n baal priester nou op verskyn en die volk mislei. Daar gelaat.

Soos genoem dat voor YAHUSHA baie meer boodskappers gebruik was in hul name, maar na YAHUSHA het dit verminder. Hoekom sal jy vra? Want daar is baie onreine boodskappers waarvan hulle name dieselfde klink of lyk soos die rein boodskappers. As jy deur die skrif gaan sal jy die naam kwessie baie optel. Vat bv. die naam 'Henog'. Kain het 'n seun gehad met die naam en so ook Set se nageslag. So baie keer word die onskuldige gevang om na die verkeerde boodskapper te roep om hulp (*of vir wat ook al*). Ons as mens weet nie regtig die geweld en oorlog oor die mens in die geestelike realm *nie*. Kom ons lees 'n vers of wat.

*Joh. 2:23 En toe Hy (YAHUSHA) in Jerusalem was op die pasga gedurende die fees, het baie in Sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen.* Dus het die mense rondom YAHUSHA gesien dat Hy nie 'n gewone Wese kon wees weens die tekens en genesing wat hulle aanskou het nie.

*Joh. 3:18 Hy wat in Hom (YAHUSHA) glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God VADER nie.* Soos die wat voor YAHUSHA in die ou-verbond tyd gesien en geglo het in boodskappers het hulle dieselfde keuse gekry, maar die keer is dit met die Meester vanself.

*Joh. 5:43 Ek het gekom in die Naam van My VADER, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.* Hier word die volk gewaarsku dat daar altyd boosdoeners sal wees wat in die plek van YAHUSHA sal opstaan.

*Matt. 12:27 En as Ek deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Daarom sal hulle jul regters wees. 100% uitkenning van die afgode diening in "Beëlsebul".* Die bul wat die volk leer ken het met die uittoeg van Egipte wat ook hulle vlieë god was. Beëlsebul is een van drie gode van die onder wêreld waarvan Ha satan die hoof is.

*Matt. 12:28 Maar as Ek deur die Gees van ~~God~~ VADER die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van ~~God~~ VADER by julle gekom.*

Hier is my verduideliking van die gelese verse en van bo.

In die begin van die skepping het YAHUAH lig geskep. Nou daardie 'lig' was Sy boodskapper mag. Elk van hulle het sekere take wat verrig moes word wat ek bo uitgewys het. So het die boodskappers gedoen. Van die boodskappers was nie tevrede met die werke wat hulle moes doen nie en gewag op geleentheid om te rebelleer. Saam met die bese boodskappers was daar ook die seuns van VADER wat die orde wat YAHUAH daar gestel het te omkom krap. Na 'n honderd jaar of wat het die seuns van VADER met bese planne voor 'n dag gekom. Hulle het vir hulle elk 'n vrou gekies uit die Adamiete en kinders by hulle gehad. Die bese boodskappers aan die anderkant kon nie voortplant nie, maar slegs die seuns van VADER. Soos ons lees (*veral in die Henog boeke*) van die seuns in *Job 1:6 En op 'n dag toe die seuns van ~~God~~ Skepper kom om hulle voor ~~die HERE~~ YAHUAH te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.*

Nou daardie seuns is in gevangenskap onder in die aarde tot oordeel. Wat onthou moet word is dat die bese boodskappers allerhande goed vir die wesens op aarde kom leer het, 'wat ek amper kan noem' "tot hulle voordeel". Dus het hulle nie verbaster onder die Adamiet nie, maar tog die verkeerde leer deurgegee wat hulle nie veronderstel was nie.

Deur al die gebeure van die gevalle seuns se kant af het Ha satan en sy bese maats die geleentheid aangegryp om te doen wat hulle al lankal beplan het. Deur hulle slinksheid het hulle die gevalle seuns se kinders (demone) gebruik om die Adamiet van die aarde af te vee. Hulle het so ver gegaan om in die hemel oorlog te verklaar. Soos ons lees in *Open. 12:7 En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele boodskappers het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; :8 en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. :9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.*

Nou dat ons meer in openbaring is wat rondom aangaan sal ons nou beter verstaan hoekom YAHUSHA by ons 'n draai kom maak het.

YAHUSHA het gekom na die wêreld wat Hy geskep en skape het vir drie hoofredes. Kom ek vat 'n vers of twee om uit te wys:

*Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes ~~Jesus~~ YAHUSHA na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van ~~God~~ VADER wat die ~~sonde~~ wet oortredinge van die wêreld wegneem! Hoor julle wat hier uitgewys word?*

*Matt. 12:31* Daarom sê Ek vir julle: Elke ~~sonde~~ wetsoortredinge en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.

*Joh. 8:21* En ~~Jesus~~ YAHUSHA het weer vir hulle gesê: Ek gaan weg, en julle sal My soek en in julle ~~sonde~~ wetsoortredinge sterwe. Waar Ek gaan, kan julle nie kom nie. Hier word uitgewys dat dit nodig was dat YAHUSHA moes gaan sodat daar redding vir die mens kon wees.

*Joh. 8:34* ~~Jesus~~ YAHUSHA antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die ~~sonde~~ wetsoortredinge doen, 'n dienskneg van die ~~sonde~~ wetsoortredinge is.

Hier kom die kern verse wat verstaan en verduidelik moet word.

*Joh. 16:8* en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van ~~sonde~~ wetsoortredinge en van geregtigheid en van oordeel: :9 van ~~sonde~~ wetsoortredinge, omdat hulle in My nie glo nie;

Hier lees ons van drie redes nl.: Wetsoortreding, Geregtigheid en Oordeel.

Ons Opperhoof, Koning en Skepper het nie gekom na Sy uitverkore om vir hulle te kom sterf as persoon nie, nee maar vir Wetsoortreding, Geregtigheid en Oordeel. Lees gerus deur die Skrifte en jy sal optel dat daar baie attent gemaak word op wetsoortredinge, gereg en oordeel.

Net tot verfrissing van die geheue; YAH skep die aarde en alles wat daarop is met Sy ligte wat hom bystaan. Die seuns van VADER word gevangenis. Ha satan met sy dissipels het nie meer toegang na die hemel nie en word saam met die demone na die aarde geslinger. Die bestaan op aarde is vervuil en het groot hulp nodig. Tot so ver.

Hier kom YAHUAH wat bekend was in die ou verbond (*as die Engel met 'n hoofletter*) as YAHUSHA in die nuwe verbond tydperk. Hy weet van al die gebeure op aarde en kom maak aan Sy uitverkore die oortredinge bekend en wys hulle die geregtigheid uit sodat hulle nie soos die onreine veroordeel sál word nie. Hy wys hulle uit dat hulle eindelijk onskuldig en los is van oortredinge. Hy wys hulle die reg en geregtigheid uit wat hulle toekom sodat hulle die ewige lewe kan beërwe. Hy wys hulle die demone en onrein geeste (boodskappers) uit en wys hulle wat om te doen om hulle op hul plek te sit. Hy wys Sy uitverkore dat die “sodanige” oorlog van Ha satans kant reeds gewen is.

Nou dat ons weet dat YAHUSHA gekom het oor die openbaring van Ha satan en sy demone in wetsoortreding, en nie vir die uitverkore nie, moet ons nou verder verstaan; Alle boodskappers het nog steeds hulle posisies en werke, maar met die gróót verskil dat YAHUSHA ons middelaar is. *Joh 14:6* ~~Jesus~~ YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie..*Luk.10:22* en *Matt.11:27*. Dus met enige saak op aarde is YAHUSHA. In nood of pyn is YAHUSHA, In pret of plesier is YAHUSHA. (Bedink dit)